

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 163

(Oktober 1981)

EK GLO:

**IN DIE GEMEENSKAP
VAN DIE HEILIGES.**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Ons deel Skatte en Gawes

Wat beteken dit as Christene elke Sondag as deel van hul geloof die volgende bely: "Ek glo in die gemeenskap van die heiliges"?

Gemeenskap beteken om te deel.

Die wonderlikste is dat Christus met ons Sy skatte en gawes deel.

Hy het deur Sy lyde, sterwe en opstanding die skuld betaal, die dood oorwin, oor die duiwel getriomfeer en die hemelpoorte oopgegooi!

Die wat in Hom as hulle enigste Saligmaker en Here glo, kry deel aan al hierdie skatte en gawes. Die Bybel sê ons is erfgename van God, en mede-erfgename van Christus en ons sal aan sy heerlikheid deel hê (Rom. 8:17).

Die Bybel sê egter ook: "Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê" (I Joh. 4:11).

Soos God ons liefgehad het. . .

Hy het ons nie liefgehad vir wat ons is nie, maar vir wat Hy is: die God van genade en liefde. Sy liefde is sonder voorwaardes. Sy liefde word nie deur ras of kleur of kleurgrense beperk nie. Sy liefde is in konkrete dade bewys. So lief het Hy ons dat Hy sy Seun gegee het om ons te red.

So moet ons mekaar ook liefhê: met 'n liefde wat nie sy eie belang soek nie, maar die belang van ander. 'n Liefde wat dra, ondersteun, vermaan, vertroos en verdra.

"Dra mekaar se laste en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus" (Gal. 6: 2).

Sy liefde bind ons aanmekaar soos die ledemate van een liggaam.

En nou geld die volgende: as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly (I Kor. 12: 26).

Dit kan egter nooit gebeur voordat jy nie eers by die Hoof van die liggaam, Jesus Christus, ingelyf is nie!

Hy gee lewe, oorfloed, liefde en gemeenskap met Hom en die ander lede van Sy liggaam.

Sonder Hom is daar ellende, eensaamheid en die dood.

Flip Buys

Gemeenskap in 'n tyd van Eensaamheid

Gemeenskap — wat 'n magnetiese woord in hierdie tye van toenemende vereensaming!

Was daar al ooit meer eensame mense as juis in hierdie eeu van welvaart en snelle ontwikkeling?

En ironies genoeg - dis juis in die digbevolkte dele, tussen die mensemassa wat die talle eensames rond dwaal.

Om dieselfde paadjie soggens werk toe te stap met slegs die vooruitsig van 'n eensame kamer of woonstel wat vanaand wag.

Niemand wat jou nodig het nie.

Nêrens waar jy behoort nie.

Die troosteloosheid wat soos 'n ryplagie op die hart kom lê en die afsondering nog groter maak. Jou nood moet jy alleen deurworstel.

Jou blydskap word telkens onderdruk, omdat daar niemand is om dit mee te deel nie. Is daar dan nêrens troos en ontvlugting nie? Wat van drank of dwelms en die blink betowering van vermaak? Dit mag dalk tydelike verligting en selfs bravade meebring, maar hoe tragies kortstondig.

Dit is soos 'n vuurpyl wat in glorie opskiet en in sterrereën vergaan om 'n veel dieper duisternis agter te laat.

Die mos vreemd. As die oomblik van opwinding verby is, is die dieptes soveel dieper.

In hierdie koue, donker troosteloosheid skitter die belydenis van die kind van die Here soos 'n vlam wat hoog en suiwer brand:

"Ek glo in die gemeenskap. . ."

Gemeenskap.

Wat 'n gevoel van geborgenheid en warmte omvou die hart nie by die aanhoor van dié woorde nie.

Hande wat joune in voorspoed en teespoed vashou, wat in jou hartseer saam met jou treur, wat ook in jou blydskap wil deel. Glo jy nie so iets is moontlik nie? Jy sien, dis 'n spesiale soort gemeenskap. Dis die gemeenskap van die heiliges. Wie is "die heiliges"? Niemand op hierdie aarde is tog heilig nie?

Natuurlik nie.

Maar ons is in Jesus Christus se bloed gewas en daarom GEHEILIG.

Ons staan voor die Allerheiligste met ons spierwit klere aan wat Hy gegee het.

Ek staan ook nie alleen daar nie.

Ons staan hand aan hand — al die hemelkinders met hul rein-wit klere aan.

En in hierdie lewe dra ons mekaar se laste.

Ons vergewe mekaar.

Ons kan mekaar onvoorwaardelik liefhê.

Omdat ons begryp en glo dat Hy ons eerste liefgehad het.

Wat 'n liefde en volheidslewe,

*waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe,
dat Hy ons sy kinders noem.*

Ria Snyman

Rondom sy Woord word ons een van sin en een van hart

Die gemeenskap van die heiliges is op aarde so onvolledig, so gebroke — veral as ons dit vergelyk met hoé dit eendag sal wees! Nou is dit dikwels so tragies dat die gemeenskap tussen ons gelowiges juis so swak is.

Die nastreef van ons eie egoïstiese belange staan baiekeer te veel op die voorgrond. Ons as gelowiges moet daadwerklik ons gemeenskap hegter maak.

Die kerk is 'n gemeenskap — 'n gemeenskap van heiliges, van gelowiges. Dit is nie 'n versameling van individue wat los van mekaar staan nie. Daar is 'n band tussen ons. Die gemeenskap met medegelowiges spruit voort uit ons gemeenskap met Christus. **Dit** is ons gemeenskaplike band. Sonder die liefde vir Christus kan daar ook nie ware gemeenskap tussen die gelowiges wees nie en sonder Hom sal die **gelowiges** mekaar ook nie liefhê nie.

Ten spyte van die gebrokenheid van die aardse gemeenskap gee die Here ons tog middele en maniere waardeur ons gemeenskap op aarde verdiep kan word, en deur hierdie genade mag ons ook alreeds op aarde, 'n ietsie van dié heerlike toekomstige gemeenskap belewe. Hierdie middele is byvoorbeeld die erediens, sy Woord, die gebed, maar ook ons **gemeenskaplike Bybelstudie**.

Die ware gelowige hunker na 'n hegter verbinding — met hulle Heer en Meester — en met mekaar. Waar ons met goed beplande en ingerigte Bybelstudies saamgekom het, het die band lewendig en heerlik tot uiting gekom. Versigtige riglyne deur ons predikante opgestel, word met groot vrug en vreugde behandel. Eerlike studies wat so onderneem word — waar die leiding van die Heilige Gees duidelik is, bring jou onder die besef van die rykdom van Sy Woord en genade. Die verrykende nabyheid van Sy leiding bring mee dat daar aktief aan besprekings deelgeneem word, en dat ons mekaar leer waardeur en liefkry en onderling versterk.

Die Here beveel ons om Sy Woord te bestudeer. 'n Ware gelowige sal dit sekerlik baie gereeld doen: ons moet daaruit lewe, dit moet ons gedagtes vul, "ons moet sy Woord bepeins — ook snags op ons bed". Dit is ons wapenrusting. Ons is soldate wat in 'n geweldige stryd teen die Satan betrokke is. Ons het 'n vyand wat rondgaan soos 'n brullende leeu. Maar die Here rus ons toe vir die stryd. Ons gesamentlike Bybelstudie is deel van ons gevegstoerusting. As mede-soldate moet ons saam stry en mekaar help en bystaan.

Ons ontvang almal gawes en ons gebruik hierdie gawes om die Here en mekaar te dien. Sommige Christene wil hierdie gawes in 'n donker hoekie wegbedêre waar dit onder 'n dik stoflaag lê en onbruikbaar is.

As ons egter die inisiatief neem om by 'n Bybelstudiegroep aan te sluit waar die Woord van die Here suiwer onder die leiding van sy ampsdraers bestudeer word, dan begin ons skatte met mekaar deel — want ons begin om "saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek" (Ef. 3: 18).

Hoe mooi het ds. A. Veldkamp dit eenmaal gesê: "Ons mag nie geestelike kunstenaars wil wees wat alles vir onself hou **en nie met ons gawes werk tot die** saligheid van ander nie."

Joop van der Vegt

Al my wonderlike vriende in CHRISTUS.

Gisteraand het ek probeer om my kinders daarop voor te berei dat die volgende operasie my miskien mag skend, en vanoggend het ek wakker geword met die swaar gevoel dat daar dan vandag so min blydskap in my oor is.

Toe lui die telefoon: "Marita ek vermoed ek het ook kanker. Ek is so bang. Mag ek maar kom?" Saam kon ons sommige van sy beloftes, dat Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie, opdiep. Dit het ons mos reeds saam leer doen om die Bybelstudietafel.

Ek kry hulle by 'n sydeur. Ons ken mekaar net van sien by die kerk, maar vind dat ons as kinders van een Vader oor dieselfde dinge bly kan word. Hulle het die heerlikste koek gebring, en gedurende die oggend word dit opgevolg met 'n bossie geel blomme, 'n bottel marmelade, 'n boek, 'n aanbod om my baba vir die dag te kom haal, 'n belofte vir 'n maaltyd môre.

Twee vertroude vriendinne lag saam oor my belydenis dat my gesin die afgelope weke meer koek en poeding gekry het as in al die jare toe ek self daarvoor moes sorg. Hulle het net kom inloer om te sê dat my siekte vir hulle sinvol is, dat dit vir hulle geloofsgroei reeds soveel beteken het. Ek dink met blydskap aan Salomo se wysheid: "Die vriend het altyd lief" (Spr. 17:17).

Vyf-en-dertig selfgetekende kaartjies van die Sub A-klas daag op. Eendag het ek hulle vertel dat Christus hulle so liefgehad het dat Hy vir hulle gesterf het. In skewe letters kom die boodskap duidelik: "Hy het jou ook mos lief, tannie. Ons bid vir jou."

Die dag is maar halfpad, maar in 'n paar stil oomblikke bewonder ek my oor soveel liefde en meelewing. Sy genade is tog vandag vir my genoeg, en dit het Hy, soos al die ander dae, aan my deur al my wonderlike vriende in Christus getoon.

My vriend, dit is dubbel die moeite werd om in die gemeenskap van die heiliges te glo en dit prakties te beleef — veral in die krisistye van jou lewe. "As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly" (I Kor. 12: 26). Voeg jou by die kerk van die Here en jy sal dit ervaar.

Marita du Plooy.

Die Grense van Gemeenskap

Ons glo in die gemeenskap van die **heiliges**. Dit beteken ons deel met **gelowiges**.

Ons is God se familie, nie die duivel s'n nie.

Ons gemeenskap is oop: **Enigiemand** wat Jesus Christus alleen as enigste Verlosser en Here aanvaar, is by ons welkom!

Maar. . .

Ons gemeenskap is ook geslote.

Ons mag slegs hulle as mede-broeders en mede-susters aanvaar wat Jesus Christus alleen as enigste Verlosser en Here aanvaar.

Hy self het ons beveel:

"Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis? Hoe kan daar eenstemmigheid wees tussen Christus en Béliel? Hoe kan 'n gelowige dieselfde belange hê as 'n ongelowige?" (II Kor. 6:14 en 15).

Ons moet ook gehoorsaam wees aan sy opdrag as Hy beveel: "En as iemand nie ons bevel, soos ons dit in hierdie brief aan julle gee, gehoorsaam nie, sonder dan daardie man af en vermy hom, dat hy kan skaam kry" (II Tess. 3:14).

Enigiemand is welkom in God se huisgesin.

Maar daar is 'n toelatingsvereiste:

Eers moet jy aan Jesus Christus, aan Hom as Saligmaker en Here behoort — dus Hom as Verlosser en Koning erken. Ons sal graag daarmee wil help om die pad na Hom toe aan te dui!

Nogmaals: Welkom!

Flip Buys